# DIE SKIETLOOD

250e Uitgawe 15 Mei 2026

saam met Koersvas 250

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.


## HEIDELBERGSE KATEGISMUS DIE TWEEDE DEEL: DIE VERLOSSING VAN DIE MENS (SONDAG 5-31)

## Sondag 6

**Vraag 16: Waarom moet hy 'n ware en regverdige mens wees?**

**Antwoord: Omdat die geregtigheid van God eis dat die menslike natuur wat gesondig het, vir die sonde moet betaal** (*Esegiël 18:4 "Al die mense behoort aan My, vaders en kinders is Myne. Dit is die mens wat sondig wat sal sterf.", Esegiël 18:20 "Die mens wat sondig, sal sterwe. 'n Seun sal nie die straf op sy pa se sonde dra nie, en 'n pa sal nie die straf op sy seun se sonde dra nie. Wie leef volgens my wil, sal die vrugte daarvan pluk. Wie goddeloos is, sal die straf daarvoor dra."; Romeine 5:18 "Soos een oortreding gelei het tot veroordeling vir alle mense, so het een daad van gehoorsaamheid dus ook gelei tot vryspraak en lewe vir almal."; 1 Korintiërs 15:21 "Aangesien die dood deur 'n mens gekom het, het die opstanding van die dooies ook deur 'n mens gekom."; Hebreërs 2: 14-16 "Aangesien hierdie kinders mense van vlees en bloed is, het Hy ook net soos hulle mens geword. Dit het Hy gedoen om deur sy dood dié een wat mag het oor die dood, dit is die duiwel, te vernietig en om hulle wat uit vrees vir die dood hulle hele lewe lank in slawerny was, te bevry. Dit is duidelik dat dit vir Hom nie om die engele gaan nie, maar om die nageslag van Abraham.*"). **Maar die mens wat self sondaar is, kan nie vir ander betaal nie** (*Hebreërs 7:26,27 "Vir ons was so 'n hoëpriester nodig, een wat heilig, skuldeloos en sonder smet is, verwyder uit die midde van die sondaars en verhoog bo die hemele, 27een wat nie, soos die hoëpriesters, elke dag offers hoef te bring, eers vir sy eie sondes en dan vir dié van die volk nie. Hy het immers eens en vir altyd 'n offer vir die sondes gebring toe Hy Homself geoffer het."; Psalm 49:8 ""; 1 Pet 3:18 " Ook Christus het een maal vir die sondes gely, die onskuldige vir die skuldiges, om julle na God te bring, Christus wat as mens doodgemaak is, maar deur die Gees lewend gemaak is.*").

**Kommentaar – Vraag:** - Die nodige aard van die mens, word in die vraag geïmpliseer. Daar is sekere vereistes ten opsigte van menswees wat ter sake is. Die eerste aspek wat deur die vraag uitgelig word is dat die Middelaar 'n mens moet wees, en nie 'n ander wese nie.ware mens moet wees. Die tweede aspek wat die vraag uitlig is dat hierdie mens perfek regverdig moet wees. Hierdie sake moet nou ondersoek word.

**Kommentaar – Antwoord:** - Dit is 'n mens wat gesondig het, dit is mense wat sondig 1 Korintiërs 15:21 "*Aangesien die dood deur 'n mens gekom het, het die opstanding van die dooies ook deur 'n mens gekom*." Dit is 'n mens wat die prys moet betaal. Die prys vir die sonde is die dood, en dit is net 'n mens wat die prys (dood) kan betaal omdat 'n mens sterf. (Ons kan net spekuleer oor wesensverskille tussen ons en die sterflikheid van hemel wesens)

Dit is ook belangrik dat die Middelaar ware mens sal wees. Dit kan na 'n kunsmatige onderskeid lyk, maar is van groot belang. 'n Ware mens kom uit die menslike geslag. God kan in Sy skeppings-almag 'n nuwe mens skep sonder enige voorsate, Hy het dit met Adam gedoen. AL sou so 'n mens geskep kon word, sou daardie mens nie ware mens uit die menslike geslag gewees het nie. Sodanige ware mens het 'n geslagslyn wat terug strek deur

Noag na Adam toe. ‘n Mens met ouers en voorouers. Met menslike DNS wat ‘n familie-lyn aandui.

Daar sou ‘n mens uit die hemel neergelaat kon word, maar net soos die nuut-geskape mens sou ook daardie mens nie ware mens wees nie, nie gebore in die broosheid van ‘n menslike geslag wat oor eeue heen strek nie. Ware mens impliseer alles wat daar van elkeen van ons gestel word, van voorouer DNS tot familiebande wat in die plaaslike bestaan wortels het. Hierdie ware mens sal egter op een vlak van ons moet verskil: In alle aspekte soos ons, uitgesonderd die sonde (soos reeds vantevore aangedui).

Net iemand wat ware mens is kan betaal vir die sondige natuur van die mens, iemand wat in dieselfde lyn bestaan – God se geregtigheid vereis dit. Daardie prys vir ware mens wees is die dood (Esegiël 18:20 *“Die mens wat sondig, sal sterwe. 'n Seun sal nie die straf op sy pa se sonde dra nie, en 'n pa sal nie die straf op sy seun se sonde dra nie. Wie leef volgens my wil, sal die vrugte daarvan pluk. Wie goddeloos is, sal die straf daarvoor dra*”). Net iemand wat uit die lyn van Adam kom, kan daardie prys betaal. Indien Hy uit die Adam-lyn daardie prys betaal, kan die hele Adam-lyn daaruit voordeel trek (Hebreërs 2:16-18 “*Dit is duidelik dat dit vir Hom nie om die engele gaan nie, maar om die nageslag van Abraham. Daarom moes Hy in elke opsig aan sy broers gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester voor God kon wees om die sondes van die volk te versoen. Omdat Hy self versoek is en gely het, kan Hy dié help wat versoek word*”. Hierdie inligting gee dat ons ook dieper betekenis vind in Romeine 6:4 “*Deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe, sodat, soos Christus deur die wonderbaarlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so 'n nuwe lewe kan lei*”.

Die ware natuur van die mens was die oorsprong van die sonde en dit is ook in daardie ware menslike aard wat die verlossing gevind sou word. Reeds in Genesis 3:15 word dit duidelik dat die Middelaar uit die ware menslike geslag sou kom “*Ek stel vyandskap tussen jou en die vrou, tussen jou nageslag en haar nageslag. Haar nageslag sal jou kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt*.”

As ware mens wat sonder enige vlek van die sonde bestaan het (1 Petrus 2:22 *“Hy het geen sonde gedoen nie en uit sy mond het daar nooit 'n leuen gekom nie”)* , kon Hy die volle prys betaal vir ons almal (1 Petrus 3:18 “*Ook Christus het een maal vir die sondes gely, die onskuldige vir die skuldiges, om julle na God te bring, Christus wat as mens doodgemaak is, maar deur die Gees lewend gemaak is*”).

‘n Sondaar kan nie vir ander die prys betaal nie, hy kan nie eens sy eie prys betaal nie. ‘n Sondelose kan nie namens ander die prys betaal nie, God maak Hom tot sonde vir ons. Slegs deur ons sonde op Hom te neem – onverdiend - kon Hy die prys betaal (2 Korintiërs 5:21 “*Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur*

*ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees*").

Jesus was ten volle regverdig. Sy volmaakte geregtigheid kom na vore in Sy volkome gehoorsaamheid aan die Wet. Ursinus onderskei vier maniere waarop Jesus aan die Wet voldoen het.

1. Jesus se eie geregtigheid staan vas. Hy was volkome gehoorsaam aan die Wet. Hierdie volmaakte gehoorsaamheid maak dit moontlik vir Sy verdienste om aan ons oorgedra te word.
2. Jesus se lyding in ons plek was in gehoorsaamheid aan die Wet. Ons sonde, en derhalwe ons straf, het op Hom neergekom. Dit is die dubbele vervulling van die Wet; gehoorsaamheid aan die een kant en lyding vir sonde aan die ander kant.
3. Jesus vervul ook die Wet deur Sy Gees wanneer Hy ons nuut maak. Gees vervulde bestaan en die pad na gehoorsaamheid geskied deur die Here se Gees wat in ons woon en ons nuut maak.
4. Jesus het ook die Wet sy volle betekenis laat kry. Sy nuwe interpretasie van die Wet het die mens by die punt van dieper begrip gebring ten opsigte van die Wet (Matteus 5: 17 "*Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete ongeldig te maak nie. Ek het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie, maar om hulle hulle volle betekenis te laat kry.")*